COPY FOR YOUR FILES - [16]
MEMO HANDED OVER
ON 25/6/93

# VERSOEKSKRIF VAN DIE AFRIKANERVOLK

Ons, as verteenwoordigers van die Afrikanervolk, stel hiermee die volgende aan u:

1. Ons volk glo:
   * dat die drie-enige God volkome beskik oor die bestaan en lotgevalle van volke;
   * dat ons vaders deur Hom na hierdie land gelei is met die doel dat ons volk Hom in hierdie land sal dien;
   * dat Hy vir ons 'n bestemming beskik het;
   * dat ons geskiedenis sy seën en tug weerspieël;
   * dat ons in nederige gehoorsaamheid en verantwoording ons voor hom verootmoedig en voor hom moet buig.

2. In die lig van bogenoemde onderneem ons volk:
   * om God as volkome oppermagtig te erken en Hom uit dankbaarheid vir sy genade te eer en te dien;
   * om volgens Bybelse eise van sedelikheid te lewe;
   * om vrede, vryheid en welsyn te bevorder;
   * om die vaderlandsbodem te bewaar;
   * om trou en offervaardigheid tussen volksgenote te bevorder;
   * om vreedsame verhoudings met ander volke na te strewe.

3. Maar -- ons volk verwerp:
   * 'n Onverdeelde eenheidstaat waarin die verskillende volke een nasie onder een owerheid moet word;
   * ons verwerp enige oorheersing deur 'n vreemde regering of enige staatkundige bestel wat nie voorsiening maak vir die volledige vryheid en selfbeskikking van ons volk in sy eie vaderland nie;
   * **Daarom** verwerp ons die bepaling van 'n verkiesingsdatum deur hierdie onderhandelingsliggaam **voordat** daar ooreengekom is oor die vorm van toekomstige state;
   * ons verwerp 'n een-mens-een-stem verkiesing in 'n eenheidstaat;
   * ons verwerp 'n tussentydse oorgangsraad of 'n oorgangsregering;
   * ons verwerp gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte en die opname van MK en APLA in die SAW en SAP.

4. Ons volk eis die reg:
   * om 'n vrye volk te wees;
   * om sonder inmenging van buite onsself in ons eie vaderland te regeer;
   * om sonder inmenging van ander ons eie grondwet op te stel en ons eie Volksraad en Regering te kies;
   * om dan in vrede met ander state saam te werk in 'n konfederasie van state ten einde so 'n magsblok in Suider-Afrika te vorm;
   * om ons identiteit te bewaar;

* om ons voortbestaan met alle geregverdigde middele te verdedig;
* om ons eie gemeenskapslewe in te rig.
* om in vrede en veiligheid in 'n vaderland van wet en orde te leef;
* om die Kommunistiese rewolusie te stuit en terroristebasisse te vernietig.

5. Omdat die huidige regering geen mandaat het om te doen waarmee hy tans besig is nie:
   * eis ons 'n verkiesing of 'n referendum vir al die kiesers van die Volksraad binne realistiese stemgebiede. Dit moet handel oor die vraag of hulle verkies dat hulle stemgebied moet deel vorm van 'n soewereine onafhanklike Afrikanervolksrepubliek of nie;
   * ook sodat bewys kan word dat die regering nie namens die Afrikaner kan praat of onderhandel nie.

6. Daarom sê ons:
   * Dat sommige ander partye in die onderhandelingsproses duidelik nie die Afrikanervolk se erns met hierdie saak besef nie;
   * Ons stel dit onomwonde dat daar geen langtermyn vreedsame oplossing in Suid-Afrika gevind kan word sonder dat die Afrikanervolk se eise geakkommodeer word nie;
   * Aangesien ons voor God en medemens oortuig is van die regverdigheid van ons aanspraak op selfbeskikking;
   * Sal ons nie rus voordat ons vryheid in ons eie vaderland volkome bevestig is nie;
   * Ons roep ons ganse volk op tot die vryheidstryd -- om met alle geregverdigde en beskikbare middele ons vryheidsideaal te verwesenlik;
   * Ons sal doen wat nodig is om die vryheid van ons volk in sy eie vaderland te verseker;
   * Tot hierdie stryd is ons verbind, as dit nodig is, selfs tot die dood toe - mag God ons daarin in sy groot genade help.

KEMPTONPARK - WERELDHANDELSENTRUM
25/6/93 pm